Noordelike Sinode

TAAKSPAN VROEë KINDERONTWIKKELING 1&2
Verslag

1. Opdrag

Om in samewerking met die CMR die werk wat ‘n vorige taakspan gedoen het verder voort te sit.

2. Taakspan

Leier: Ronél Aylward (In samewerking met die CMR)

Lede: Marie-Jean Brink, Liesel Ebersohn, Johan Erasmus, Paul Grobler (ampshalwe), Rtehan Rheeder, Judy van Heerden.

Die taakspan se opdrag is elke jaar herhaal. Daar was dus in wese drie taakspanne: Taakspan VKO 1 (2023/24), Taakspan VKO 2 (2024/25) en Taakspan VKO 3 (2025/26).

3. Uitvoering van die opdrag

Vergaderings is gehou op die volgende datums:
13 Maart 2024
26 Junie 2024
4 September 2024
23 Oktober 2024

Tydens bogenoemde vergaderings is die volgende aspekte bespreek en hanteer:

- Inligting ten opsigte van die eerste 1000 dae is deur Dr. Johan Erasmus voorsien.
- Prof. Liesel Ebersohn het die taakspan toegespreek met betrekking tot die belangrikheid van spel.
- Ds. Melanie Thirion het die taakspan toegespreek oor die Little Seeds program wat in die Wes-Kaap in sameweking met gemeentes en Badisa aangebied word.

VERDERE AKSIEPLANNE

3.1. Bevorder bewusmaking ten opsigte van die Eerste 1000 dae in NG gemeentes in die Noordelike Sinode Sinodale gebied en ondersteun hulle om aksies/programme te loods om VKO

tydens die eerste 1000 dae te bevorder met die fokus op die moeders en primêre versorging van kinders 0 – 3 jaar.

- ✓ Die vervaardiging en verspreiding van ‘n inligtingsvideo ten opsigte van die eerste 1000 dae.
  Kontak is reeds gemaak met Ds. Tiaan van Niekerk (Rietfontein Noord Gemeente) om deur TUT studente die video te maak. Die taakspan sal gedurende November 2024 met hom ontmoet om die beplanning te doen. Daar sal opvolg videos daarna gemaak word.
- ✓ Bemagtig gemeentes om daadwerklik en positief op hierdie inligting te reageer deur die daarstelling van programme en hulpbronne om moeders en primêre versorgers van kinders 0 – 3 jaar (insluitend swanger moeders) te bedien met die nodige ondersteuning en ontwikkeligsdienste.
- ✓ *Dr. Johan Erasmus, Dr. Judy van Heerden en Ds. M. Brink gaan tydens die CMR Noord se strategiese beplannningsessie aan die einde van Januarie 2025 aanbiedings doen aan CMR Noord maatskaplike werk personeel met die oog die daarstelling van programme wat gerig is op moeders en primêre versorgers (insluitend swanger moeders) van kinders.*
  Die taakspan is ook beskikbaar om hierdie diens aan belanstellende gemeentes te lewer.

3.2. Bevorder bewusmaking ten opsigte van VKO-programme in die sinodale gebied en motiveer hulle om by pesefieke projekte betrokke te raak.

- ✓ *Adopt a Pre-school* program: Doen voorleggings ten opsigte van behoeftige VKO programme in die Noordelike Sinode Sinodale gebied aan gemeentes en bemagtig gemeentes om op deurlopende basis uit te reik.
- ✓ *Die CMR Noord bemarkingspan sal in 2025 aandag gee aan die professionele aanbieding van voorleggings. Dit sal dan via die geskikte kanale aan gemeentes beskikbaar gestel word.*

4. Slotwoord

Die VKO taakspan is begeesterd en passievol oor Vroeë Kind Ontwikkeling en sien daarna uit om gemeentes in hierdie verband by te staan om hierdie uiters belangrike aspek van Diens van Barmhartigheid te bevorder. Ons kinders (en hul versorgers) is ons toekoms en speel ‘n baie belangrike rol in van die Koninkryk van God. In soverre ons enige iets vir hulle doen (nalaat om te doen), het ons dit vir ons Verlosser gedoen (nie gedoen nie).